



Kortpad na advertensies	14 September 2017										
Algemene nuusbrokkies Gemeenskapsadvertensies Kleinadvertensies (Persoonlik) Kleinadvertensies (Besigheid) Geestelike Pitkos Werkseleenthede Afrikaanse kerkdienste Landswye dagboek Riglyne vir adverteerders Kanselleer intekening / Unsubscribe	<div style="border: 1px solid black; padding: 5px;">  <p>GLENFIELD TAX ACCOUNTANTS 212 Archers Road, Glenfield, Ph: +64 9 443-7741; Fax: +64 9 925-2096</p> <table border="0" style="width: 100%;"> <tr> <td style="font-size: small;">Small / Medium / Large Business Taxation</td> <td style="font-size: small;">GST Due Dates:</td> </tr> <tr> <td style="font-size: small;">GST Returns</td> <td style="font-size: small;">28 June</td> </tr> <tr> <td style="font-size: small;">New Company Formations</td> <td style="font-size: small;">28 August</td> </tr> <tr> <td style="font-size: small;">LTC/IQC Formations</td> <td style="font-size: small;">28 October</td> </tr> <tr> <td style="font-size: small;">Rental Properties</td> <td style="font-size: small;">15 January</td> </tr> </table> </div> <div style="margin-top: 10px;">  <p>Het jy nog Rande in Suid Afrika – Skakel Rand Reunite vandag nog by 0800726373 of www.randgroup.biz</p> </div>	Small / Medium / Large Business Taxation	GST Due Dates:	GST Returns	28 June	New Company Formations	28 August	LTC/IQC Formations	28 October	Rental Properties	15 January
Small / Medium / Large Business Taxation	GST Due Dates:										
GST Returns	28 June										
New Company Formations	28 August										
LTC/IQC Formations	28 October										
Rental Properties	15 January										

Redakteursbrief

Die stof het nog nie gaan lê nie rondom die kwessie oor die Suid-Afrikaanse regering se planne om duisende Suid-Afrikaners wat in die buiteland werk, te belas asof hulle in Suid-Afrika hul inkomste verdien het. Natuurlik is finale besluite nog nie gemaak nie, maar die konsep-wetgewing is aan die publiek beskikbaar gestel vir kommentaar.

Daar is 'n groep individue elders ter wêreld wat die saak op hul skouers geneem het en wat pas in Suid-Afrika 'ons saak' gaan stel het. Hulle koördineer ook 'n internasionale bewusmakingsveldtog op Facebook.

Ek het die leier van die aksie opgespoor en met hom 'n telefoniese onderhoud gevoer waar hy tans in Suid-Afrika is, nadat hy 'n versoekskrif aan die SA Inkomstediens se staande komitee van finansies gaan voorlê het. Ek het baie goeie inligting ontvang en beplan 'n verdere artikel oor die interessante insigte wat hy aanbied.

Lees gerus my jongste verslag oor hierdie saak – veral as jy wonder of jy dalk deur so 'n wetswysiging geraak mag word.

Philip Langenhoven
 Redakteur (Skryf gerus aan my by www.brokkies.net/kontak)

Ysbreker: Net 'n bietjie water...

Pa stuur sy seuntjie bed toe. Na so vyf minute roep die mannetjie: "PAAAAA!!!"
 Pa: "Wat is dit seun?!"
 Seun: "Ek is dors!!!", skree hy.
 Pa: "Gaan slaap! As jy my weer roep, wikkel ek jou!"

Na vyf minute roep die seuntjie weer: "PAAAAAAA!!!"
 Pa: "Ja? En wat is dit nou weer?"
 Seun: "As Pa my kom wikkel, bring sommer die water saam!"

(Ingestuur deur Christien Halbisch, 'n leser in Suid-Afrika.)



[Terug na bo...](#)

Belastingkwessie vir oorsese werkers bereik nuwe fase

Verteenwoordigende groep maak sterk voorlegging aan Suid-Afrika se Tesourie



Regs: Barry Pretorius van Abu Dhabi het 'n sterk voorlegging namens SA expats gemaak.

In die vorige uitgawe van Aus-Brokkies het ons in 'n artikel onder die opskrif 'Soek Suid-Afrika se regering 'n stukkie van jou kiwi-vrug?' geskryf oor die idee om die wet te verander sodat Suid-Afrikaners wat in die buiteland werk, ook belasting aan Suid-Afrika sal moet betaal. Dit het intussen van 'n uitgesproke idee tot konsep-wetgewing verander, en die publiek het tot 18 Augustus die geleentheid gehad om voorleggings daarvoor in te dien.

Waaroor gaan dit nou weer?

Om nuwe lesers in die prentjie te bring: Die SA Inkomstediens (SAID) wil artikel 10(1)(o)(ii) van die Inkomstebelastingwet, 1962 (wet no. 58 van 1962 soos gewysig) wysig. Hierdie wet bepaal dat landsburgers wat vir langer as 183 dae in die buiteland werk (waarvan meer as 60 dae aaneenlopend moet wees) van belasting kwytgeskeld word. Die huidige wet stem ooreen met internasionale standaarde soos OCED en DTA, asook belastingstelsels van die meeste ander lande.

Die voorgestelde verandering sal beteken dat jy as die belastingbetaler aan die SAID die verskil betaal tussen jou "plaaslike" belastingkoers en die toepaslike belastingkoers in Suid Afrika.

'n Voorbeeld: Indien jy in Suid-Afrika se hoogste belastingkerf van 45% gekategoriseer word, maar in die buiteland 20% van jou salaris aan belasting betaal, wil die SAID die 'oorblywende' 25% vanaf 1 Maart 2019 by jou verhaal. Die idee is dat die SAID jou op die volle inkomste wil aanslaan asof jy die geld in Suid-Afrika verdien het. Indien jy in die buiteland op die inkomste belasting betaal het, eis jy dit terug as 'n korting teen die belasting wat jy in Suid-Afrika moet betaal.

Intussen het 'n groep mense uit eie beweging begin om die voorstel namens Suid-Afrikaners in die buiteland te beveg. Hulle het 'n Facebook-groep gestig genaamd [South African Expats Tax Petition Group](#) en dit het al byna 15,000 lede. Die groep staan onder die leiding van **Barry Pretorius** wat in Abu Dhabi werk. Hy is ook verteenwoordigend van mense wat in lande werk waar hulle geen regstreekse belasting betaal nie, "maar wel hoë, onregstreekse belastings wat nie as 'belasting' bestempel word en dus nie as sulks ingereken word nie", sê Barry in 'n telefoononderhoud met Aus-Brokkies.

Barry het 'n versoekskrif aan die SA Inkomstediens se staande komitee van finansies voorgelê. In 'n [video-opname](#) van die voorlegging, het Barry gewys op die negatiewe impak wat so 'n verandering op werkers in die buiteland asook op Suid-Afrika se ekonomie sal hê. Hy voel daar is 'n wanpersepsie dat die hoë salarisse wat mense in byvoorbeeld Arabiese lande verdien, hulle 'buitengewoon ryk' maak. Hy het toegegee dat hulle in Rand-terme baie verdien, maar het gewys hoe dit relatief is in 'n land soos Abu Dhabi. Barry werk saam met Jerry Botha van [www.taxconsulting.co.za](#) wat ook namens die groep 'n tegniese voorlegging gedoen het en hul onderhandelinge met die Tesourie lei.

Barry het aan die staande komitee gesê dat hul kinders nie by staatskole geregistreer mag word nie, so hulle moet ten duurste vir privaat-skole betaal (bv. R200,000 per jong kind per jaar). Hy het ook genoem dat 'n eenslaapkamer woonstel wat in Suid-Afrika R6,500 per maand kos om te huur, in Abu Dhabi tussen R60,000 en R70,000 per maand kos. Hulle kan ook nie tans kortings eis nie. Dit plaas hulle in die hoogste belastingkategorie in Suid-Afrika. Die geld wat oorbly, is min in hul gasheerland se terme en om dit verder straf te belas sal die hele idee om in die buiteland vir hul gesinne 'n bestaan uit te kap, onaantreklik maak.

Ironies is hulle in hul gasheerlande effektief in die lae- tot middel inkomstegroep, relatief tot waar hulle woon. Hy het bygevoeg baie mense stuur dit wat oor is na familie in Suid-Afrika waar dit in die plaaslike ekonomie gespandeer word.

Pretorius het verder die SAID uitgedaag om hul idees en aannames met werklike syfers en navorsingsresultate te staaf. Hulle moet nie bloot hul "beskeie Facebook-groep" as as 'n verwysingsveld gebruik nie.

Hy het bygevoeg dat Suid-Afrikane wat oorsese werk 'n waardevolle uitvoerprodukt van Suid-Afrika is. Baie mense wil graag eendag na Suid-Afrika terugkeer. Hulle word egter nou met slegs een keuse gelaat: Verbreek alle finansiële bande met Suid-Afrika en emigreer finansiëel, of – omdat hulle nie sal kan bekostig om daardie belasting te betaal nie – keer terug na Suid-Afrika met sy 27% werkloosheid en hoop vir die beste. Beide opsies is "sleg vir Suid-Afrika".

Hy het daarop gewys dat groot getalle mense reeds weens die onsekerheid begin emigreer, en hy voel dit kan verhoed word. Die regering moet keer dat die groot uitvloeï van menslike en fiskale hulpbronne verder plaasvind.

"Suid-Afrika se regering moet mense teruglok met positiewe insentiewe, en nie straffende belastingmaatreëls nie. Voordat hierdie kwessie verder geneem word, moet die volle konteks, strekking en haalbaarheid daarvan in berekening gebring word, en dit moet gemeet word in terme van genoemde finansiële en menslike faktore.

Hy het ook beweer dat 194 uit 196 lande nie hul ekspats belas op dieselfde manier as wat Suid-Afrika nou sy ekspats wil belas nie. In die maatskappy waarvoor hy werk, is sy kollegas uit 23 lande afkomstig. Hy het met elkeen gepraat en nie een betaal belasting aan hul land van oorsprong nie.

Ter opsomming het Pretorius gevoel dat duisende Suid-Afrikane tans baie onseker is en voel hulle tussen die boom en die bas. Dit verskaf baie spanning onder baie mense in soortgelyke situasies.

Wie nie deur 'n wetsverandering geraak sal word nie en wie wel

Daar is 'n groot aantal emigrante wat nie deur so 'n verandering geraak sal word nie – veral diegene wat formeel geëmigreer het of beoog om voor 1 Maart 2019 formeel te emigreer.

Dit lyk ook of dit nie van toepassing sal wees nie op mense wat nog in Suid-Afrika tegnies vir belasting geregistreer is en woon, en tydelik (tot en met 183 dae) in die buiteland werk. Indien artikel 10 egter wegval, sal sulke mense wat meer as 183 dae uit die land is, ook geraak word, ongeag hoe lank hulle buite Suid-Afrika werk.

Ons het voorheen die onsekerheid uitgespreek oor die uitwerking wat 'n wetswysiging op emigrante het wat nie formeel geëmigreer het nie, maar hulself gehewestig ('relocate') het. Dit is mense wat die buiteland besoek het en nie weer teruggegaan het nie - en daar is baie. Baie van hulle het ook burgerskap in die nuwe land opgeneem.

Barry deel sy interpretasie van die huidige wet: "As jy nie finansiëel geëmigreer het nie; as jy dus nie jou 'exit procedures' met SAID en die Reserwebank gedoen het nie, dink ek dat jy onderhewig sal wees aan die nuwe wet wat vanaf 31 Maart 2019 mag geld. Ek dink nie dit sal terugwerkend wees tot jou huidige situasie na jou hervestiging ('relocation') nie, maar dit sal bes moontlik vanaf 2019 geld - afhangend van ons huidige onderhandelinge met die Tesourie. Ons probeer tans om artikel 10 te behou en net te wysig met óf n strawwer 'dae-toets', óf 'n inkomste-kwytskelding stelsel soos in die VSA."

Help hulle met hul onderhandelinge en voltooi hul kort opname

Op 12 Desember het die komitee wat Barry toegesprek het 'n verslag vanuit eie geleedere ontvang, en Barry en sy groep gaan tans voort met onderhandelinge soos benodig. Intussen kan alle Suid-Afrikane wat in die buiteland werksaam is, 'n bydrae lewer deur 'n kort [meningsopname](#) te voltooi wat die span in hul onderhandelinge sal help.

Ons hou die oor op die spoor

Kiwi-Brokkies sal voortgaan om meer oor die saak te wete te kom. Indien jy oor enige nuwe inligting beskik, deel dit asseblief met ons by www.brokkies.net/bydraes.

(Meer oor die praktiese implikasies en Barry Pretorius se kruistog namens ons in 'n volgende uitgawe. Ek werk tans aan 'n volledige artikel oor my onderhoud met hom – Red.)



SA-Kiwi karpvangers is Nieu-Seeland se span by wêreldtoernooi!



Nieu-Seeland se karpvangers tans in Frankryk: Gareth Edwards (links) en Marius Koekemoer.

Twee Suid-Afrikaanse karp-hengelaars van Auckland – Marius Koekemoer en Gareth Edwards - is tans in Frankryk waar hulle aan die 'World Carp Classic'-toernooi deelneem.

Nieteenstaande die feit dat die toernooi al 19 jaar lank bestaan en dat 95 spanne van regoor die wêreld hiervoor inskryf, is dit die eerste keer dat 'n span Nieu-Seeland daar verteenwoordig. Die twee manne is al vyf jaar gelede uitgenooi om vir die toernooi in te skryf, maar hulle kon toe nie die nodige fondse bymekaarmaak nie. Nou is hulle daar en vorm hulle deel van die kompetisie wat in talle lande op televisie uitgesaai word.

Die spanne vang aaneenlopend karp oor 'n periode van vyf dae by Lac De Madine-meer. Marius sê Europese spanne domineer die byeenkoms soos gewoonlik.

“Die wenner sal na die vyf dae se vangery bepaal word deur die hoogste gekombineerde massa van elke span se grootste drie visse te bepaal. Ek vermoed dat 'n span 'n gekombineerde massa van meer as 50kg moet vang as hulle in die top vyf wil eindig,” sê Marius.

Karp-hengel is 'n gewilde aktiwiteit in Europa. Marius en Gareth is ou hande wat dit al lank in Suid-Afrika beoefen het. Hulle het jare gelede 'n klub op die North Shore van Auckland gestig en hulle hoop om die sport meer sigbaar vir Nieu-Seelanders te maak. Hul gunsteling hegelplek is die grote Waitato rivier “want die karp daar is baie en groot!”

Hulle besef dat hulle nie onder die gunsteling tel tussen al die professionele karp-hengelaars teen wie hulle meeding nie. Hulle laat hulle egter nie intimideer nie en het goed voorberei vir die grootste toernooi van hul ewe.

As deel van hul voorbereiding het hulle talle aanlyn-video's bestudeer om wenke te kry van die professionele hengelaars in Europa, en om te bepaal wat die beste soort aas is vir die omstandighede in Frankryk.

Hulle het probeer om karpvangers in Europa op te spoor wat Madine en omgewing ken met die doel om 'n byeenkoms met hulle reël, maar dit was onsuksesvol. Hulle het egter 'n Fransman opgespoor wat sy eie vissery besit, en hy het ingewillig om hulle vir 'n paar dae na die viswater te vergesel om sy kennis oor plaaslike omstandighede met hulle te deel.

Die manne is nou besig met die kompetisie; [moedig hulle asseblief aan op Facebook](#):



Die Māori-Taalweek in Nieu-Seeland...toets jou kennis

11-17 September



TE WIKI O TE REO MĀORI Māori Language Week

E nga hoa tikanga, tēnā koutou katoa!

Aan al ons kultuurvriende, wees gegroet!

Kia ora koutou (Hallo almal)! Dit is Māori Taalweek (Te Wiki o te Reo Maori). Kiwi-Brokkies vier gereeld saam aan hierdie jaarlikse bewusmakingsveldtog om ons lesers te motiveer om 'n bietjie meer van hierdie unieke aspek van Nieu-Seeland se kultuurlandskap te leer.

Vanjaar se tema is 'Kia ora te reo Māori' (Hallo die taal Māori), met die doel om Nieu-Seeland se tradisionele groetwoord 'kia ora' te vier en verder te populariser.

Die doel van elke jaar se veldtog is eerstens om Te Reo Māori (die taal Māori) se bydrae tot Nieu-Seeland se unieke identiteit te erken. Dit het ook ten doel om mense meer bewus te maak van Nieu-Seeland se ander (baie minder gebruikte) amptelike taal.

Uitnodiging aan elkeen van ons

Kom ons toon ons positiewe ingesteldheid as immigrante en maak 'n verskil ten gunste van goeie rasseverhoudinge en inskakeling by ons mede-inwoners van Nieu-Seeland. Ons kan dit doen deur te probeer om mense in Kiwiland se oudste lewende taal te groet en 'n paar vriendelike woorde te wissel. Ons kan ook probeer om 'n paar basiese woorde in Māori aan te leer, maar ons kan ook een van die talle (gratis) kursusse wat bestaan, bywoon. Māori Taalweek bied 'n gulde geleentheid om onself as Afrikaanse Kiwi's op unieke manier bekend te stel en blywende indrukke te laat.

Uniekheid van Māori

Māori word nêrens anders ter wêreld gepraat nie. Dit is rondom ons in die name van mense, dorpe, voorstede, straatname, berge, riviere, blomme, bome, voëls en diere. Uitvoerings van die beroemde haka by rugby het van Māori 'n internasionale simbool gemaak, en die tweetalige nasionale volkslied word al meer gesing.

Talle Afrikaanse immigrante het oor die afgelope jare al baie mooi vrugte van aanvaarding en vriendskap gepluk deur ons uitreiking na Māori en Suidsee-eilanders. Kom ons hou aan met uitreik.

Maklike begin vir Afrikaanssprekers

Māori's staan gewoonlik verstom as hulle hoor hoe ons Afrikaanssprekers die Māori-taal uitspreek. Hulle sê gou ons spreek hul vokale en rollende 'r' "foutloos" uit – en hoe dan anders: ons vokale word presies soos hul vokale uitgespreek. So, al wat dan moet bykom is 'n bietjie woordeskat en grammatika – maklik! **Hier is 'n paar woorde om te ken:**



Kia ora – Hallo (informele groetwoord).	E noho rā – Totsiens (deur die persoon wat die situasie verlaat)
Tēnā koe – Formele groet van een persoon.	Haere rā – Totsiens (gesê deur die persoon wat agterbly)
Tēnā kōrua – Formele groet van twee persone.	Haere mai – Welkom! Kom (nader)
Tēnā koutou – Formele groet van drie of meer persone.	Hei konā rā – Totsiens (minder formeel)
Tēnā tātou katoa – Formele groet van almal, insluitende jouself.	Kei te pehea koe? – Hoe gaan dit?
Nau mai - Welkom	Kei te ora ahau – Dit gaan goed met my.

Besoek gerus hierdie webwerf gereeld: '100 Māori words every New Zealander should know'.

(Onthou, 'n strepie op 'n vokaal maak die vokaal se klank twee keer langer as daarsonder.)



Predikante van ouds en hulle dinge (Deel 2)



Met die afsterwe van 'n familielid erf jong dominee Frans Ferreira 'n ou haelgeweer. Hy kry dit geroes en erg verwaarloos, en na 'n rukkie se kopkrap onthou hy van die diaken wat so knap met sy hande is.

So gebeur dit dat die diaken die ou geweer restoureer. Een Sondag, net voor kerk, kom meld die diaken aan dat hy klaar is met die haelgeweer en dat dit in sy katebak is. Ds. Ferreira is te nuuskierig om tot na die diens te wag, en saam gaan loer hulle. Wat die dominee sien, is 'n pragtige, glansende geweer. Tyd vir kyk is daar egter nie, en hy prop die geweer onder sy toga in en hy lei die kerkraad die kerk in. Hy kan die gemeente nie gou genoeg aan 'n gesang help nie, en sak agter die preekstoel in om die blink skietding behoorlik te bekyk. Hy maak die ding oop, en weer toe, en korrel oral heen.

En toe trek hy die sneller. BOEM! Die kandelaarlig is flenters en die stukkie sif op die geskokte gemeente neer.

Die bleekgeskrikte dominee kom regop agter die preekstoel, skietding steeds in die hand. Hy sien hoe die gemeente gelyk by die deur probeer uitkom, en skrum dat die Spingbokke nie sou kon kers vashou nie.

Heel agter skrum 'n jong knapie saam met sy pa. Hy kyk 'n slag om en sien hoe die verdwaasde dominee die geweer oopmaak so asof om te kyk of dit dan werklik gelaai was.

Dis te veel vir die seuntjie: "Stoot pa!" gil hy, "...die d*nd&r laai al weer!"

Pa Jan het ook die wonderlikste domineestories uit sy wêreld, die Noordweste, vertel. Destyds was huisbesoek doen 'n gegewe, maar nie almal wis watter ontbering dit soms vir die dominee was nie. Want daai mense is gasvry, en naas die skaapboud, pampoen of wat ook al, kry die dominee koffie. Maak nie saak hoe warm nie, en in daai wêreld kon dit selfs voor aardverwarming goed warm word.

Maar die Noordweste se mense het oorspronklik baie afgesonder gewoon, en kombuisvoorraad was soms maar skraps. Koffie is dan van die witgatwortel gemaak, en tot vandag toe verwys baie mense steeds na koffie as gat.

Met regte koffie meer geredelik beskikbaar, is meestal na koffie oorgeslaan maar dit is steeds sterk aangemaak. "As mens die teelepel regop in die koppie laat staan, dan kantel hy so sta-a-arag om" het die een dominee beduie na hy 'n beroep elders heen ontvang het. En omdat dit skaapwêreld is, is bies (melk) so skaars soos hoendertande. En doen nou 'n paar huisbesoeke per dag...

Dominee Van der Merwe het natgesweet in sy pak by 'n opstal, sy soveelste van die dag, opgedaag. Die weduwee Malan was baie bly om hom te sien en skaars het sy gegroet, toe sê sy: "Ai, en dominees is seker lekker dors van die ry. Ek skink gou vir ons elk 'n heerlike kommetjie gat." Die dominee se kuwe trek skoon saam, meer hy sê niks.

Dis toe sommer 'n behoorlike "kommetjie" waarin die koffie is. Die tante onthou sy het lekker "beskuide" gebak, en die dominee sien sy kans. Skaars is die tante uit die voorhuis uit, maak dominee die venster oop en skiet die koffie uit...en daar staan hy met die oortjie in die hand!

Toe die tante terugkom, beduie die dominee verleë van die verskriklike groot brommer, en hy beduie met 'n groot spasie tussen die duim en wysvinger, wat in sy koffie kom loop val het.

"Ag dis niks," sê die tante. "Dominees het seker groot geskrik. Ek maak gou 'n lekker sterk kommetjie gat!"

Goeie Afrikaanse fliks en reekse op Showmax wag vir jou

Noem my Skollie – Suid-Afrika se inskrywing vir die Oscars

Noem my Skollie was nie verniet vanjaar Suid-Afrika se amptelike inskrywing vir die Oscars nie: Hierdie wêreldklas flik vertel 'n storie wat jou aan die hart ruk deur ongelooflike kinematografie, uitmuntende spel en besonderse regie.

Boonop is dit gebaseer op 'n ware verhaal, dié van draaiboekskrywer John Fredericks se stryd om oorlewing binne én buite die wêreld van gewelddadige bendes.



Die flik fokus op AB en sy vriende wat in die 1960's op die Kaapse Vlakte grootword. Dann-Jacques Mouton blink uit as die ouer AB, wat saam met sy vriend Gimba in die tronk beland en sy gawe vir stories-vertel gebruik om homself te beskerm en om uit die bendes te bly. Die res van die rolverdeling is ewe indrukwekkend: Gantane Kusch, Christian Bennett, Gershwin Mias, Abduraghmaan Adams, Oscar Petersen, Tarryn Wyngaard, Peter Butler, Irshaad Ally, Charlton George, Lee-Ann van Rooy, Jill Levenberg en Sandi Schultz is almal in die flik te sien, en daar is selfs 'n verskyning deur die Afrikaanse kleetsrymer Hemelbesem.

Noem my Skollie skram nie weg van moeilike temas en uitdagende materiaal nie, maar dit is 'n vermaaklike en diep menslike storie. Maak seker jy't 'n boks snesies byderhand wanneer jy dié flik kyk! Kyk die [proe-stukkie](#).

Elke skewe pot – Nuwe komediereeks

Is daar inderdaad, soos die spreekwoord sê, vir elke pot 'n deksel? kykNET se komediereeks **Elke skewe pot** gaan oor vier uiteenlopende vroue wat 'n afspraakwebtuiste bedryf. Op dié werf vind almal skynbaar liefde ... behalwe hulle vier. Sandra Koekemoer is die eienaar van die webwerf, en het van haar kinderdae af die gawe om vir mense die perfekte pasmaats te vind.

Haar regterhand by die webwerf is Wilma, 'n 38-jarige perfeksionis wat haar bes probeer om van die rak af te klim voor haar vervaldatum. Die sekretaresse, Lulu, is 'n regte manne-eter, en baie gemaklik in haar eie vel.



En dan is daar Anna, die 31-jarige webblog-skrywer wat Elke skewe pot se kliënte help om hul positiewe eienskappe te verwoord. Sy is die nuutste lid van die span, wat haar kêrel en haar werk los tydens 'n eksistensiële krisis, en haar nou by Elke skewe pot bevind. Anna se eks Tertius maak ook nou en dan sy verskyning, maar eintlik spat die vonke tussen Anna en Benny, die kroegman by die kuierplek waar almal na 'n harde dag se werk ontspan.

Tannie Tossie bedryf die biltongwinkel langs die kantoor waarin hulle werk, en maak almal se lewens moeilik. Sy is oortuig dat hulle 'n gesellinklub bedryf en probeer haar bes om 'n stokkie daarvoor te steek. Ontmoet ook die aantreklike IT-ou Jaco Smit en die asemrowende kelnerin Natasha Jones terwyl ons week na week beleef hoe hierdie vrouens wat so hard werk om vir ander liefde te help vind, self keer op keer bloutjies loop met hartsake. Kyk die [proeseltjie](#).

Showmax bied jou 'n gratis proeflopie!

Besoek showmax.com vir meer inligting.

Teken hier in op ShowMax

Ons lesers skryf:

Hierdie leser reageer op ons artikel 'My middag saam met Colin Meads' wat in Kiwi-Brokkies van 29 Augustus verskyn het. Daarin het ons onthul dat dit glo Skip Henderson van die Oos-Transvaalspan was wat in 1970 Colin Meads se arm gebreek het. Die insident het bygedra tot Meads se legende omdat hy die wedstryd met gebreekte arm voltooi het, en 'n groot deel van die All Blacks se toer met die gespalkte, af arm gespeel het. Die skrywer sê Skip was haar onderwyser.

Beste Brokkies

Dankie weer eens vir 'n tjokkers vol Brokkies. Ek het dit nou regtig geniet.

Die storie oor Oscar Jacobsohn se ontmoeting met Colin Meads en die noem van Skip Henderson se naam het sommer jare se onthou teruggebring! Skip was my geskiedenis-onderwyser by die Hoër Volksskool Heidelberg en danksy hom het ek 'n lewenslange belangstelling en liefde vir geskiedenis en argeologie.

My onthou van daardie dae het ook 'n rugby-kleur. Die laaste twee periodes op 'n Vrydag was geskiedenis en het Skip ons klas belowe dat as ons nie by die rugby was op 'n Saterdag wat Oos-Transvaal gespeel het nie, ons op die Maandag tydens die eerste twee geskiedenis-periodes toets sou skryf!


So het ons - en bykans al die Volkies - die trein op Saterdag vol gesit na Springs toe om op die Pam Brink-stadion rugby te gaan kyk. Oos Transvaal het gespeel en ons was daar om hulle te ondersteun! En glo my ons as jongklomp het hierdie dae vreeslik geniet.

Maar Skip het woer-woer met ons gespeel. Maak nie saak hoeveel keer hy ons by die rugby gesien (en gehoor) het nie, moes ons nog Maandag toets skryf! Volgens hom was ons nie by die rugby nie en het hy ons nie gesien nie.

Tot ons slim geraak het en die hele rugbyveld vol gesit het wanneer die spanne op die veld draf en hulle ons moes verwilder om te kan begin speel. Tot oom Skip moes natuurlik erken het dat ons daar was. Vir 'n kort rukkie was daar nie op 'n Maandag-oggend toets geskryf nie, maar net vir 'n kort rukkie. Dankie vir die herinneringe.

Tersia Cook
Kawerau

BRAAI DAY
22 OCT '17 | 8:30AM - 5:30pm
TOTARA PARK,
WAIRERE ROAD, MANUREWA
Bring along your braai-bak, wood, charcoal, firelighters, meat and wine and enjoy a typical South African day together.
FREE ENTRY | ALL WELCOME
*NO PARKING INSIDE
FUN FOR THE KIDS!
south africa nz live radio
Like us on Facebook: @SouthAfricaNZLive



Oorleef jou geestelike woestyn



Eksodus 25:1-40.

Die lewe wat ons leef en waarvan ons daaglik deel is, is nie staties nie. Omstandighede buite ons beheer word op ons uitgeoefen en ons bepaal weer die rigting waarin sekere prosesse beweeg deur ons besluite en die keuses wat ons uitoefen. Dikwels, sonder dat ons daarvoor gevra het of dit selfs in ons tru-spieëltjie sien naderkom, kan omstandighede ons in 'n geestelike woestyn dompel.

Dit is daardie depressiewe ervaring wat maak dat ek geïsoleerd en vergete voel. Dit is wanneer my gebede nie meer troos nie en ek onseker is van my toekoms. Die onbeantwoorde WAT? en WAAROM? van die lewe kan ons midde in 'n geestelike woestyn laat beland!

Die woestynroete was God se keuse vir Israel om die Beloofde Land binne te gaan. Hulle was nie bestem om in die woestyn te bly nie, maar deur die woestyn te groei en voorberei te word vir wat op hulle wag. Saam op hul reis deur die woestyn moes Israel die Verbondsark, die tafel met offerbrood en die kandelaar saamneem (Eksodus 25:1-40). Wie trek nou met meubels deur die woestyn? Vreemd, nie waar nie? Tog is dit juis hierdie meubels wat Israel sou herinner aan God se konstante trou en liefde vir hulle terwyl hulle die woestyntog moes oorleef!

In die verbondsark was die twee klip tafels met die tien gebooue wat Israel die kennis gegee het om te verstaan hoe God gedien moet word. Dit herinner aan die boom van alle kennis in die tuin van Eden. Daar was ook die kandelaar wat die vorm van 'n boom aannem en herinner aan die boom van die lewe wat in die middel van die tuin van Eden geplant was.

Hierdie twee meubelstukke herinner aan 'n tyd in die tuin van Eden toe die mens in harmonie met God en met mekaar geleef het. Dit moes Israel herinner dat hoewel hulle NOU die woestyn moes trotseer, God vir hulle 'n nuwe toekoms met Hom beplan.

Ten slotte was daar die tafel met brood. Dit was 'n herinnering aan Israel dat God selfs in die woestyn sy volk sou voed en versorg. Hulle sou nie aan hul lot uitgelewer word nie. My en jou geestelike woestyntog is nie God se straf of sy wegkruipertjie-speel met ons nie...dit is eerder sy leerskool vir ons om sy verrassende toekoms vir ons te omhels.

Dr Mario Weyers
Presbiteriaanse Kerk (Te Puke)

Vertel ons van mense se prestasies of belangstellings

Ken jy 'n mede-immigrant vanuit SA of Namibië wat 'n prestasie behaal het of 'n interessante werk, sport, belangstelling of stokperdjie het? Of dalk het hulle iets baie interessant beleef. Onthou, Brokkies soek altyd sulke stories om gereeld sy Afrikaanse lekker met almal te deel.

Jy kan help deur stories self te skryf; ek sal dit redigeer indien nodig. Of, jy kan net die agtergrond deurgee met die persoon se kontakligting sodat ek dit met hulle kan opneem. Kyk by www.brokkies.net hoe dit werk by 'Bydraes'.



Gee jy jou Brokkies aan vir iemand? Hier's 'n spesiale versoek aan alle intekenaars...

Talle lesers stuur hul kopie van die e-pos wat Brokkies se jongste uitgawe bekend stel, aan familie en vriende elders. Dankie dat julle hierdie proesel Kiwi-Afrikaans so versprei. Help my egter om 'n beter gevoel te kry vir die werklike aantal lesers wat Brokkies het.

Daar is derduisende gesinne ingeteken. Daar is egter talle ander, selfs buite Nieu-Seeland, wat dit onregstreeks ontvang. Hiermee 'n versoek dat jy liever [hierdie skakel](#) aan hulle stuur sodat hulle self kan inskryf.

Kom gesels saam op Facebook in Afrikaans

Het jy al op Facebook die groep 'Afrikaans in Nieu-Seeland/New Zealand' raakgeloop? Indien nie, maak gerus daar 'n draai en gesels lekker met ander lede. *Vertel jou Aussie-vriende ook van die 'Afrikaans in Australië'-groep.*

Besoek '[Afrikaans in Nieu-Seeland](#)' op Facebook



Die Brokkies-webwerf bied alles wat jy nodig het

Of jy wil inteken op Kiwi-Brokkies of op Aus-Brokkies, vir die redakteur wil skryf, stories wil aanbied, 'n advertensie wil bestel of hernu, of jou adres wil verander - alles word nou deur die [Brokkies-webwerf](#) gedoen. Alle uitgawes van Brokkies word op die webwerf gehuisves vir mense wat iets soek wat in 'n vorige uitgawe verskyn het.

Besoek Brokkies se Facebook-bladsy



Brokkies het nou sy eie [Facebook-bladsy](#). Die adres is <https://www.facebook.com/Brokkies.Net> Help ons asseblief deur die nuwe webwerf se skakel (brokkies.net) aan vriende en familie te stuur. **Onthou om te 'like' as jy 'like'!**

Kommunikeer so met Kiwi-Brokkies

Vir Advertensie-riglyne, om 'n brief of ander bydrae in te stuur, om iemand in te teken of jou adres te verander, besoek www.brokkies.net. Die webwerf bevat skakels waardeur al bogenoemde funksies verrig kan word. Om op te hou om Kiwi-Brokkies te ontvang, besoek <http://www.brokkies.net/skryf-in> en versoek verwydering van jou e-posadres.

Aanspreeklikheid en Regte (Lees Gebruiksvoorwaardes en Privaatheidsbeleid by www.brokkies.net - heel onder aan tuisblad)

- Die redakteur van Brokkies aanvaar nie aanspreeklikheid vir die korrektheid, wettigheid of algemeen aanvaarbaarheid van enige nuus-of algemene item nie. Dieselfde geld ook vir enige geplaaide advertensie of advertensie-artikel se inhoud of die belofte van 'n produk of diens se gehalte wat in advertensies vermeld word. Enige probleme met advertensies se inhoud, dienslewering of produkgehalte moet regstreeks met die adverteerder opgeneem word, en die redakteur raak nie by daardie proses betrokke nie.
- Die redakteur behou die reg voor om enige voorgelegde bydrae (nuus of advertensie) van die hand te wys en nie te publiseer nie, sonder verstrekking van redes. Dit sluit in die reg om te enige tyd korrespondensie oor diesulke situasies eensydig te beëindig.

[Terug na bo...](#)

1. Die 'Treaty of Waitangi' is nou in Afrikaans beskikbaar!

Het jy geweet dat Nieu-Seeland se belangrike gronddokument, die Treaty of Waitangi (die Verdrag van Waitangi) nou ook in Afrikaans beskikbaar is? Drie Afrikaanse immigrante, Alta Rall (Auckland), Dina Cloete (Auckland) en Philip Langenhoven (Wellington) het saamgewerk om die Verdrag te vertaal as deel van die New Zealand Society of Translators and Interpreters (NZSTI) se '[Treaty Times Thirty](#)' projek wat van 2016 tot 2017 geduur het. Die doel van die projek was om die Verdrag in 30 tale wat deur immigrante in Nieu-Seeland gepraat word, te vertaal.

- Die [Treaty Times Thirty boek kan in PDF-formaat hier](#) afgelaai word. Daarin verskyn beide die Engelse- en Māori-weergawes, asook die 30 vertalings, waarvan Afrikaans eerste verskyn weens die alfabetiese rangskikking.
- Hier is 'n bietjie [inligting oor die Afrikaanse vertalers](#).
- Lees die reeks van 3 artikels in **Kiwi-Brokkies** uitgewes van [27 Februarie 2017, 8 Maart 2017 en 21 Maart 2017](#)

2. 'Lekker Luister' - Afrikaanse Radio in die Waikato

Lekker Luister saai elke Woensdag 6nm uit op die Waikato se 89.0 Free FM. Dit kan reg oor die wêreld geluister word op www.freefm.org.nz. Kuier saam met Karisma vir lekker geselses, Afrikaanse musiek, ligte humor, so nou en dan 'n resepe, en onderhoude met kunstenaars wat in Nieu-Seeland optree. As jy dalk 'n program misgeloop het, kan jy na die **podcast** luister op die Lekker Luister [Facebook blad](#). Vir meer inligting e-pos Karisma: lekkerluisterfreefm@gmail.com

3. Kiwi-skool bied aanlyn klasse in basiese Afrikaans vir kinders in Nieu-Seeland

Die VLN Primary School bied Afrikaanse internetklasse vir kinders aan. Klasse behels 15 weeklikse sessies, waartydens leerlinge en onderwysers mekaar in 'n internet-konferensiekamer ontmoet. Leerlinge ontvang dan 'n les wat 30 minute duur, en hulle oefen deur die week aan tuiswerk. Die klas word hanteer deur mevrou Annatjie Fourie, die skoolhoof van Ohura Valley Primary School. Om jou belangstelling te registreer, skryf asseblief in Engels aan Ginette Van Praag by ginette.vp@vln.school.nz. Vir meer inligting, skryf gerus ook aan Rachel Roberts by rachel.roberts@vln.school.nz. Besoek ook die skool se [webwerf](#).

4. Radio Dukes – Radioklanke wat die Klopsekultuur in Kiwiland uitbou

Radio Dukes saai elke Saterdagmiddag om 9:40nm vanuit Auckland uit in Afrikaans en Engels op PlanetFM 104.6. Mense van regoor die wêreld kan inskakel. Hierdie Klopse-program met 'n groot hart vir Afrikaans word lewendig aangebied. Hulle bespreek nuus vanuit die Klopse-gemeenskap in Auckland en die Kaap, Klopse en Afrikaanse musiek, taal, kultuur en 'huis en haard', oor kos, soms oor die geskiedenis en van alles en nog wat hier in Nieu-Seeland. Riedewaan Waggie is die produksiemans en omroeper, Marlene Smith is mede-omroeper en Willem Tait (ou-d-SAUK/Radio Oranje) is klankingenieur. Die week se program is altyd beskikbaar vir die wat die lewendige uitsending op 'n Saterdagmiddag misgeloop het, by <http://www.planetaudio.org.nz/radiodukes>. Bekyk ook hul [Facebookbladsy](#).

5. Ondersteun Afrikaanse radio buite Nieu-Seeland: 'Afrikaans Sonder Grense' uit Australië

Afrikaans Sonder Grense (ASG) is 'n 2 uur lange Afrikaanse musiek radioprogram wat weekliks lewendig uitgesaai word uit Bundaberg, Queensland in Australië. **Wanneer** : Elke Donderdag 6-8 nm (Queensland-tyd) **Waar**: Via Internet by www.coralcoastradio.net.au en op radio in en om Bundaberg op 94.7 Fm. **Facebook** by **Afrikaans Sonder Grense met Skryf** vir Rochelle by rochelle.radio@yahoo.com.au

6. Govt.nz webwerf vir al jou inligtingsbehoefes

Die Nieu-Seelandse regering het onlangs 'n nuwe inligtingswebwerf genaamd Govt.nz gekend gestel. Dit vat verskeie staatsdepartemente se inligting vir die publiek saam in een webwerf, en vervang die ou **newzealand.govt.nz**. Hoewel jy 'n soektog deur die soekfunksie kan doen, word die volgende temas aangebied waaronder 'n mens na inligting kan soek:

- | | | |
|--------------------------------------|-----------------------------------|-------------------------------|
| • Immigrasie en burgerskap | • Werk en die werkplek | • Parlement en politiek |
| • Geboortes, sterfgevallen, huwelike | • Paspoorte, reis en toerisme | • Noodgevallen en katastrofes |
| • Verbruikersregte | • Geskiedenis, kultuur en erfenis | • Gemeenskap, kunste en sport |
| • Gesondheid | • Internet, media en kommunikasie | • Klimaat en omgewing |
| • Behuising en eiendom | • Die reg en misdaad | • Opvoeding en opleiding |
| • Geld, voordele en belasting | | • Bestuur en vervoer |



Kleinadvertensies (Persoonlik)

[Terug na bo...](#)

1. Inligting vir voornemende Immigrante na NS (1/5/10)~P

